STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

# NUUSBRIEF IPHEPHANDABA NEWSLETTER

UITGAWE 72- 2021 • EDITION 72- 2021

# *Van die Burgemeester*
# *From the Mayor*

Liewe Inwoners

***Genade maar tyd vlieg! Ons is nou reeds verby die halfpadmerk vir 2021 en die einde van ons finansiële jaar. Die besigste deel van ons jaar het nou aangebreek want ons begin met al die nuwe projekte en planne wat uitgevoer moet word ingevolge die nuwe begroting. Met die verkiesing wat ook in Oktober voorlê, is ons net so besig buite kantoorure. Dis 'n tyd van opwinding, maar ook harde werk, vergaderings en noukeurige beplanning.***

**Jamestown Ligte**

Goeie nuus vir ons Jamestown inwoners is dat ons uiteindelik die toestemming van ESKOM gekry het om AL die straatligte in die Jamestown en Mountain View omgewing te onderhou. Ons het reeds in 2019 van die straatligte oorgeneem na 'n lang stryd met ESKOM, waarin ons inwoners 'n uiters belangrike rol gespeel het, om die kwessie te dryf tot in die Nasionale Parlement. Na ons die eerstes oorgeneem het in 2019, het ons aangehou om met ESKOM te praat en onderhandel oor die res.

Straatligte is uiters belangrik vir veiligheid in ons gemeenskappe. ESKOM is ongelukkig stadig met die herstel van stukkende straatligte en daarom het ons ingestem om die onderhoud en herstel oor te neem by hulle. Dis uiters belangrik dat ons inwoners kan seker wees van veilige

Dear Residents,

***Goodness, how time flies! We have now passed the halfway mark for 20201 and the end of our financial year. The busiest time of our year commences now because we start with new projects and plans that must be executed in terms of the new budget. With the elections in October, we are just as busy outside of office hours. It is an exciting time, but also a time of hard work, meetings and careful planning.***

**Jamestown Lights**

We have good news for all our Jamestown residents. ESKOM has finally given permission for the Municipality to maintain ALL the streetlights in the Jamestown and Mountain View areas. We already took over the management of a few lights in 2019, following long conversations with ESKOM, where our residents also played a vital role to drive the issue all way to the National Parliament. Following the takeover of the first set in 2019, we continued talks with ESKOM to take over the maintenance of the remaining lights in the area.

Streetlights are extremely important for the safety of our residents. ESKOM is unfortunately slow to repair broken streetlights and that is why we agreed to take over the maintenance and repair work from them. It is an additional expense that



*Uitvoerende Burgemeester/ Executive Mayor*
**021 808 8002**
mayor@stellenbosch.gov.za



strate. Dit is 'n ekstra uitgawe waarvoor ons begroot het sodat ons kan aanhou om die beste dienste vir ons inwoners te lewer. Ons is ook in onderhandelinge met ESKOM om ook ander areas se straatligte oor te neem en die volgende fokusarea is Klapmuts en Kylemore.

Alle straatligte wat nou stukkend is in Jamestown kan ook nou via die **Let's Fix It** se WhatsApp of telefoon nommers aangemeld word. U moet tog asseblief daardie nommers gebruik, want dis die vinnigste manier om hulp te verkry as u 'n probleem het.

**Veiligheid Eerste**

Met die begin van die nuwe finansiële jaar op 1 Julie, het drie van ons nuwe veiligheidsbeleide in werking getree. U sal onthou dat ek verlede jaar hierdie beleide aan u genoem het. Die COVID pandemie het egter die implementering daarvan 'n bietjie vertraag, maar alles is nou in plek. Ons Reserviste Wetstoepassingsbeleid, Beloning vir Inligting oor Kriminele aktiwiteite en ons Eksterne Befondsing van Wetstoepassing- en Verkeersbeamptesbeleid het op 1 Julie in werking getree. Die doel met hierdie beleide is om ons in staat te stel om meer wetstoepassers beskikbaar te maak vir sigbare polisiëring asook om inligting te verkry wat sal help om kriminele en oortreders vas te trek.

Die reserviste beleid gee inwoners die geleentheid om op 'n vrywillige basis deel te word van die munisipale wetstoepassingsdienste. R400 000 is geallokeer vir om opleiding en toerusting aan 20 reserviste te bied. Die offisiere sal op 'n vrywillige basis diens doen en sal dan ook kan aansoek doen wanneer permanente poste binne ons wetstoepassingseenheid oopgaan.

Ons Beloning vir Inligting oor Kriminele aktiwiteite beleid is spesiaal geskep om voorsiening vir die uitreik van belonings aan individue wat inligting verskaf wat tot die suksesvolle vervolging sal lei of terugvind van gesteelde goedere tot gevolg het. Die beleid bevat baie spesifieke riglyne oor hoe en onder watter omstandighede 'n beloning beskikbaar gemaak sal word. Hiermee gaan ons veral vandalisme en ander misdade wat openbare eiendom beskadig help vasvat.

Die laaste een is die Eksterne befondsing vir Wetstoepassing- en Verkeersidenste. Die doel hiervan is om ons wetstoepassingseenheid te vergroot deur gebruik te maak van befondsing van eksterne rolspelers, privaat besighede, nie-regeringsorganisasies of ander privaat rolspelers wat sal belangstel. In praktyk sal dit beteken 'n buurt of omgewing betaal vir 'n wetstoepasser in ons diens, maar die beampte fokus net op spesifieke areas gedurende die dienstydperk. Dit sal ons in staat stel om meer wetstoepassers aan te stel en ook meer voete op die grond te kry regoor ons gebied.

Indien u meer wil weet oor die beleide of wil deelneem kan u die hoof van Wetstoepassing, mnr Charl Kitching, kontak. Stuur gerus 'n e-pos na Charl.Kitching@stellenbosch.gov.za.

we have budgeted for so that we continue to provide the best possible services to our residents. We are also in talks with ESKOM to take over the management of streetlights in other areas. The areas we will now be focusing on are Klapmuts and Kylemore.

All streetlights that are broken in Jamestown, can now be reported to the Let's Fix It WhatsApp line or telephone numbers. Please use these numbers, it is the fastest way to get assistance if you have an issue.

**Safety First**

At the start of our new financial year on 1 July, three of our new safety orientated policies came into effect. You will remember that I mentioned these policies to you last year. The COVID pandemic however, delayed its implementation, but everything is now in place. Our Reservist Law Enforcement Policy, Rewards for Information about Criminal Activity and External Funding for Law Enforcement Policies all came into effect on 1 July. These policies will make more law enforcement officers available for visible policing as well as obtaining information that can help us locate and prosecute perpetrators successfully.

The reservist policy gives residents the opportunity to become part of the municipal law enforcement services on a voluntary basis. R400 000 has been allocated for the training and equipment of 20 reservists. These officers will serve on a voluntary basis and will be able to apply for permanent positions within our law enforcement unit when positions become available.

Our rewards for criminal information policy has been specially created to provide for the issuing of rewards to individuals who provide information that leads to successful prosecution or the retrieval of stolen property. The policy contains very specific guidelines about how and when a reward will be made available. With this policy we want to specifically target vandalism and other crimes that results in the damage of public property.

The last policy is the External Funding for Law Enforcement and Traffic Services policy. The purpose of this is to enlarge our law enforcement unit by making use of funding from external stakeholders, private businesses, non-governmental organisations or other private stakeholders who are interested. In practice it will mean that neighbourhoods or regions can pay for the services of a law enforcement officer in our service, but the official focuses on a specific area during this stipulated time of service. That will enable us to appoint more law enforcement officers and put more feet on the ground across our entire region.

If you would like more information on these policies or if you want to participate, you can contact our head of Law Enforcement, Mr Char Kitching. You can send an email to Charl.Kitching@stellenbosch.gov.za.

## Gee Verantwoordelik en Mandela Dag

Die Gee Verantwoordelik- projek onder leiding van *Heartflow* en met die Munisipaliteit se samewerking is steeds goed op dreef. Vir die wat nie weet nie, die *Give Responsibly* of Gee Verantwoordelik-Veldtog fokus daarop om mense wat op straat woon by te staan op 'n positiewe en volhoubare manier. Dit verminder ook die wisseling van kontant op straat omdat kontant gawes dit lonend maak vir mense om op straat te bly. Inwoners kan 'n koepon koop by enige deelnemende winkel (kyk uit vir die plakkate) of gebruik die *Cheese App* (beskikbaar op *Heartflow* se webblad). Die koepon word dan aan 'n persoon in nood gegee in plaas van kontant. Met die koepon kan die persoon toegang kry tot die nagskuiling, of 'n bord kos of 'n kombers. Indien die persoon kies om na die nagskuiling te gaan, word hulle ook gehelp om toegang te kry tot maatskaplike dienste.

Sedert Julie 2020 tot Mei 2021 is daar meer as 2300 koepons verkoop en meer as 2050 is reeds ingeruil. Die bydraes van die koepons wat nie dadelik geëis word nie, word aan die betrokke organisasies oorbetaal en die koepon bly geldig totdat dit ingeruil word.

Ek wil u aanmoedig om ook 'n bydrae te maak aan die organisasies. Mandela Dag (18 Julie) is om die draai en gewoonlik spandeer ons tyd om ander te help ter nagedagtenis van Madiba. Maar omdat daar nog COVID is, kan dit moeilik vir mense wees, en daarom wil ek u aanmoedig om gebruik te maak van die Gee Verantwoordelik koepons. Koop sommer 'n klomp, dis net R10 per koepon, en hou gerus n paar in u beurse. Gee dit dan aan die mense wat u teëkom op straat. Vir meer inligting oor hoe dit werk en hoe u kan help, gaan gerus na die *Heartflow* webblad by https://heartflow.org.za/ .

## Titelaktes

Ons gaan steeds onverpoosd voort met die oorhandiging van titelaktes! Ek het onlangs begunstigdes in Kayamandi gaan besoek. Dit was so ongelooflik om deel te kan hê aan hierdie inwoners se vreugde. Van die aktes is deel van die Watergang 2 projek en ander is historiese titelaktes. Ons het 93 aktes gefinaliseer vir die rondte en dit word stelselmatig oorhandig aan die inwoners soos hulle die nodige Verbruikersonderrig, wat deur die Departement van Menslike Nedersettings vereis word, voltooi. *Khaya Lam* help ons deurlopend om die kostes en administrasie van die oordrag en registrasie van titelaktes te dek. Ons is baie dankbaar vir hul bystand en hulp!

## Beurtkrag

Beurtkrag duur ongelukkig voort en veral in die winter is dit nogal ontwrigtend. ESKOM het aangedui dat ons met beurtkrag gaan moet saamleef vir die grootste deel van die winter vanjaar. Ek wil inwoners aanraai om gebruik te maak, waar moontlik, van die verskillende toepassings wat beskikbaar is wat sê waar en hoe laat u area deur beurtkrag geraak gaan word. Dit help baie met beplanning. Ons probeer

## *Give Responsibly* and Mandela Day

The *Give Responsibly* project, under the leadership of *Heartflow* and with the full cooperation and support of the Municipality, is still going strong. For those who do not know, *Give Responsibly* is a campaign geared towards supporting people who are living on the streets in a sustainable and positive manner. It reduces the exchange of cash on the street that often makes it profitable for people to stay on the streets. Residents can buy a coupon at any participating shop (be on the lookout for the posters) or you can use the *Cheese App* (available on the *Heartflow* webpage). The coupon is given to a person in need, instead of cash. With the coupon a person can get access to the night shelter, a meal or a blanket. If a person chooses to go to the night shelter, they can also access social services there.

From July 2020 to May 2021, more than 2300 coupons have been sold and 2050 have been traded in. The contributions of coupons that are not immediately claimed are donated to the organisations involved and the coupon remains valid until it is exchanged for a service.

I want to encourage you to make a contribution to these organisations. Mandela Day (18 July) is around the corner and usually we donate our time to be of service to others in the memory of Madiba. But COVID is still very much a reality and that is why it can be difficult for people to make a contribution. Please make use of the *Give Responsibly* coupons. Buy a bunch and keep them in your wallet. It is only R10 per coupon. Give it to the people you encounter on the street. For more information about how it works, you can go to the *Heartflow* website at https://heatflow.org.za/.

## Title Deeds

We are continuing with the handing over of title deeds. I recently visited beneficiaries in Kayamandi. It was so incredible to be part of the joy of these residents. Some of the deeds handed over were for the Watergang 2 project and some were for historical projects. We finalised 93 title deeds in this round and they are gradually being handed over to residents as they complete the consumer education that is a requirement from the Department of Human Settlements. *Khaya Lam* has been assisting us throughout with the costs of the transfers and the administration of getting the deeds registered. We are grateful for their assistance and aid!

## Loadshedding

Loadshedding is unfortunately ongoing and ESKOKM has indicated that we will have to cope with it during the winter months. It is very disruptive. I want to encourage residents to make use of the loadshedding apps for smart phones, where possible. There are various apps available and they tell you when and where loadshedding will be implemented. It helps a lot with planning. We also try to continuously communicate the information on our various platforms.

ook die inligting kommunikeer sover as moontlik op ons onderskeie platforms.

Ek deel graag ook wenke om beurtkrag 'n bietjie makliker te maak. Indien moontlik, skaf 'n herlaaibare lig aan. Dit is 'n gerieflike en veilige manier om baie lig te verskaf in die donker. Maak seker dat alle herlaaibare toestelle soos selfone, skootrekenaars, tablette ensovoorts gelaai word voor en na beurtkrag. Wanneer die toestelle klaar gelaai het, verwyder die muurproppe ook om moontlike skade te voorkom. 'n Herlaaibare battery vir toestelle soos selfone en tablette is ook 'n handige iets om te hê in die tyd.

Indien u van gaslampe of kerse gebruik maak gedurende beurtkrag, wees asseblief uiters versigtig. Moenie kerse of oop vlamme sonder sorg los of naby gordyne, matte of selfs beddegoed nie. 'n Ongeluk gebeur so vinnig en kan baie skade aanrig.

**COVID -19**

COVID is nog nie weg nie, inteendeel, ons is nou amptelik in die derde golf van infeksies. Omdat dit nou winter is en ons meer vatbaar is vir siektes, wil ek regtig elke inwoner maan om versigtig te wees en te hou by die regulasies. Ten tye van die skrywe was ons reeds op vlak 2 inperkingsregulasies gestel en dit kan steeds verskerp word. Indien u kwalifiseer vir die inentings teen COVID-19, registreer asseblief en gaan wanneer u die SMS kry dat dit u beurt is. Al die inligting oor inentings, en waar dit in ons area gedoen word, word elke dag op ons sosiale media platforms geplaas. Gaan kyk gerus.

Wees asseblief veilig en warm gedurende die winter! Ons sien reeds uit na die lente en al die lekker wat daarmee saam gaan. Tot dan, wag ons amper soos swaeltjies vir die warmer weer.

Aan alle studente en skoliere wat op vakansie gaan, wil ons graag mooi vra dat jul asseblief veilig bly en gesond sal terugkom.

Aan Stellenbosch FC, ons dorp se eie sokkerspan wat so uitstekend gevaar het hierdie seisoen, sê ons ook baie geluk. Ons is trots daarop dat julle jul man gestaan het tussen al die groot en bekende spanne van regoor die land.

*Beste Wense*
*Burgemeester Gesie*

I also want to share some tips to help make loadshedding a bit more bearable. If possible, consider buying a rechargeable light. These are safe and convenient ways to provide light in the dark. Make sure all rechargeable devices like mobile phones, laptops, tablets etc. are charged before and after loadshedding. When your devices have finished charging, please unplug it to prevent possible damage due to power surges. A rechargeable battery pack is also very handy to have for devices like phones and tablets.

If you make use of gas lamps or candles during loadshedding, please be very careful. Do not leave candles or open flames unattended or near curtains, carpets or even bedding. An accident happens so quickly and could have dire consequences.

**COVID-19**

COVID is not gone yet. We are officially in the third wave of infections. Because it is winter, we also tend to be more susceptible to illness and I want to ask every resident to please stick to the regulations! At the time of writing this, we were already moved to level 2 restrictions and it can still be stepped up. If you qualify for the vaccine, please register and when you get your SMS, go and get vaccinated when it is your turn. All the information about vaccinations, about when and where it is done, is uploaded daily on all our social media platforms.

Please stay safe and warm during this winter! We are already looking forward to the spring and all the pleasures that it holds. Until then we will wait, like swallows for the warmer weather.

To all students and learners who are going on holiday, please be safe and come back healthy and well rested.

To Stellenbosch FC, our town's very own soccer team, congratulations! You have performed admirably during the past season and held your own against the more renowned teams. We are very proud of you!

*Best Wishes*
*Mayor Gesie*